

# HEBREËRS

Ons kyk hierdie week na die boek Hebreërs – seker een van die gewigtiste boeke in die Bybel aangesien dit 'n baie duidelike oorsig gee van wie Jesus is, wat Hy kom doen het en hoekom die evangelie sulke goeie nuus is.

Hebreërs is geskryf vir 'n gelowige gehoor mense wat tussen die Ou Verbond en die Nuwe Verbond gestaan het en nog teruggeval het na hul ou gewoontes en manier van doen.

**Kyk 'n bietjie na die volgende prent en kyk hoe vinnig jy die verskille tussen die eerste en tweede prent kan identifiseer**:

Timer: 05:01 Start Over






Hoeveel verskille kon jy opspoor?  Daar is 32 verskille tussen die twee prente!  Om die verskille op te spoor, moes jy die hele tyd teruggaan na die eerste prent.

Net so, is Hebreërs 1 ‘n perfekte, volledige beeld van wie Jesus Christus is en wat Hy vir ons kom doen het.  Daar kan niks bygevoeg word of weggevat word van dit nie – dit is die waarheid en heerlikheid waarop die hele evangelie gebasseer is.

*Hou Hebreërs 1 voor jou oop en kyk of jy vining ‘n paar uitstaande kenmerke van Jesus kan identifiseer*.



Hy is

- Skepper
- Heilig
- Verlosser
- Hoër as engele
- God se enigste Seun
- Gelyk aan God self
- Messias – Gesalfde Een
- Oneindig, vir ewig

Regdeur Hebreërs sien ons Jesus is beter as Moses, Joshua, die hoëpriester Melgisedek, die wette en offers van die Ou Verbond, die geestelike leiers, die engele. Jesus is beter as alles!

Net in Hebreërs 1 word minstens 7 Ou Testament tekste aangehaal om Jesus se perfekte beeld verder te staaf:

PSALM 2:7 – JY IS MY SEUN, VANDAG IS EK JOU VADER

2 SAM 7:14  - EK SAL SY VADER WEES EN HY MY SEUN

PSALM 97:7 – LAAT AL GOD SE ENGELE HOM LOOF

PSALM 104:4 – HY MAAK WINDE SY BOODSKAPPERS…

PSALM 45:6-7 – U TROON O GOD IS VIR EWIG EN EWIG

PSALM 102:25-27 – IN DIE BEGIN HET U DIE FONDASIES VAN DIE AARDE GELÊ

PSALM 110:1 – SIT AAN MY REGTERHAND EN MAAK VAN MY VYANDE 'N VOETSTOEL



*Wees vriendelik*

# GEWAARSKU

Regdeur Hebreërs is daar vyf prominente waarskuwings vir gelowiges.  Die eerste hiervan is in Hebreërs 2.  Lees vers 1-4 saam en deel wat vir jou uitstaan in hierdie teksgedeelte.

- Wat sê dit vir ons van hoe God met ons praat deur al die eeue?
- Wat sê dit vir ons van ons verantwoordelikheid teenoor die goeie nuus?
- Waarteen moet ons waak?

# HEBREËRS 2:1-4

'1DAAROM MOET ONS SOVEEL TE MEER AANDAG GEE
AAN DIT WAT ONS GEHOOR HET, SODAT ONS NIE DALK
WEGDRYF NIE. 2WANT AS DIE BOODSKAP WAT DEUR
ENGELE VERKONDIG IS, INDERDAAD BINDEND WAS, EN
ELKE OORTREDING EN ONGEHOORSAAMHEID
REGMATIGE STRAF ONTVANG HET, 3HOE SAL ONS
ONTVLUG AS ONS SO 'N GROOT VERLOSSING
VERONTAGSAAM? HIERDIE VERLOSSING IS EERS DEUR
DIE HERE VERKONDIG, EN DAARNA AAN ONS BEVESTIG
DEUR HULLE WAT DIT GEHOOR HET, 4TERWYL GOD DIT
VERDER BEVESTIG HET DEUR TEKENS EN WONDERS EN
ALLERHANDE KRAGTIGE DADE, EN DEUR GAWES VAN
DIE HEILIGE GEES, WAT UITGEDEEL IS SOOS HY DIT
GOEDGEVIND HET. '

## HEBREËRS 2:1

'DAAROM MOET ONS SOVEEL TE MEER AANDAG GEE AAN DIT WAT ONS GEHOOR HET, SODAT ONS NIE DALK WEGDRYF NIE.



Die waarskuwing in Hebreërs 2 het twee dele:

- Gee aandag
- Pasop om weg te dryf

**God praat deur al die eeue**, deur die profete, die engele (boodskappers) en baie hard en duidelik deur Jesus Christus.  Hy wil hê ons moet weet!  Niemand het ‘n verskoning dat hulle nie gehoor of gesien het nie, veral nie gelowiges nie!  Gee dus aandag aan wat jy gehoor het en weet.

**Tweedens moet jy pasop om weg te dryf**.
*Dink jy wegdryf is ‘n doelbewuste aksie?*

Die Griekse woorde hier verwys baie na ‘n ring wat stadig afgly van die vinger.... ‘n deurlopende aksie wat nie net eenmalig gebeur nie.... Kyk na die aanhalings hier onder:


WITH GREAT
POWER
COMES GREAT
RESPONSIBILITY

*“In order to drift, all we have to do is nothing!”*

To remain true to the gospel takes effort”



"If you have once accepted Christianity, then some of its main doctrines shall deliberately be held before your mind for some time every day. That is why daily prayers and religious readings and church going are necessary parts of the Christian life. We have to continually be reminded of what we believe. Neither this belief nor any other will automatically remain alive in the mind. It must be fed. As a matter of fact, if you examined a hundred people who had lost their faith in Christianity, I wonder how many of them would turn out to have been reasoned out of it by honest argument? Do not most people simply drift away…"

CS LEWIS (Mere Christianity)

*Wat beteken hierdie drie aanhalings vir jou?*
*Wat staan vir jou uit?*

Wegdryf is iets wat geleidelik gebeur.  Dit gebeur wanneer ons nie moeite insit nie. Dit gebeur nie as gevolg van 'n doelbewuste rugdraai op Jesus en wie Hy is nie, eerder 'n stelselmatige losmaak en wegkwyn.

Gaan weer terug na die prentjie met die verskille.  As jy nie elke dag teruggaan en jouself meet teen die standaard wat Jesus stel nie, is jy dalk besig om jou aan 'n afgewaterde weergawe van die waarheid en van Jesus te meet.  En daar is 32 verskille in daardie prentjie.

*Waar sien jy in die samelewing 'n afgewaterde, verfloude waarheid wat kop uitsteek?*


peas
bees
knees
cheese
fleas?

*Hoe lyk wegdryf in die huwelik?*

*Hoe lyk wegdryf by jou werk?*

*Hoe lyk wegdryf in jou verhouding met Christus?*

*Wat is die redes dat ‘n mens wegdryf?*

# REFLEKSIE:

## WAT MAAK DAT JY DRYF?



Moontlike manière waarop ons wegdryf, sluit in:

- **Isolasie –** as jy dink jy is ok en jy het niemand nodig – dink jy het die waarheid en meet jou teen jouself
- **Gemaklik met sonde.** Klein krakies sluip in, dit raak makliker om te jok, weg te steek.  Jy meet jouself dalk teenoor gister of ‘n maand terug of teenoor vriende of ‘n mentor… maar nie teen die eintlike waarheid van Jesus Christus nie
- **Nie meer ‘n honger vir die Woord nie.** Lees graag selfhelp-boeke, luister preke, podcasts, alles mooi en goed – maar lees jy nog die oorspronklike waarheid soos dit in die Woord staan?
- **Skeep gebed af.** Ignoreer God se stem en praat nie meer gereeld met hom nie.
- **Prioritiseer ander dinge.**
- **Betwyfel God se karakter** (die beeld en waarheid van Jesus)

Hierdie manière kan ook insluip in alle ander areas van ons lewe…

Wie gaan jou beskerm en kom haal teen wegdrywing?
JESUS!  Die Antwoord is steeds Jesus en sal altyd wees.

Dit is ook konfronterende nuus, want dit beteken nêrens waarheen jy dryf, gaan jy vir Jesus en Sy heiligheid en heerlikheid kan ontsnap nie – selfs as dit oordeel gaan beteken.  Dit is hoe perfek Hy is.

Gaan kyk gereeld na die WARE beeld in die spiel – gaan kyk na Jesus in Hebreërs 1 – nie net een keer nie, maar elke dag, aanhoudend om te keer dat jy ook wegdryf! Moenie op ‘n weergawe van Jesus jou lewe basseer nie, maar op die werklike waarheid.

Mag dit ook waar wees vir jou huwelik, jou werksetiek en elke area van jou lewe.

**GEBED**

Here, dankie vir wie U is en dat U vir ons aan die kruis gesterf het.  Mag ons die heerlikheid, heiligheid en almag hiervan besef en moeite doen om naby aan U Woord en U waarheid te bly.

Dankie dat U aanhou waarsku, klop en roep, al vergeet ons so dikwels.

AMEN.

# DIE HUW ELIK

VANAF 15 FEBRUARIE

fresh



DOEN WEER MOEITE MET JOU VERHOUDING



DIE HUW ELIK

HANDLEIDING

DAGSTUKKIES

TEACHING TUESDAY 3 MAART

MET DS WYNAND FOURIE



DIE HUW ELIK

VIR GETROUDES

VERLIEFDES

VOORHUWELIKSE PARE

DIE HUW ELIK



# DIE HUWELIK

